# Wapadrant E-NUUS

## 17 Junie 2022

UIT HOM, DEUR HOM, TOT HOM

Matteus 6:10 Laat u koninkryk kom.

www.wapadrant.co.za www.facebook.com/Wapadrant

## PREEKROOSTER JUNIE & JULIE 2022

| Datum | Tipe idioom | Tyd | Prediker | Bywoning in ouditorium | Bywoning in saal |
|---|---|---|---|---|---|
| **19 Junie Vadersdag** | Klassiek | **08:30** | Rassie Smit | 350 | 100 |
| **Skole sluit 24 Junie 2022 en heropen 19 Julie 2022** | | | | | |
| **26 Junie Nagmaal** **Bring eie brood/wyn of maak gebruik van wat voorsien word** | Klassiek | **08:30** | Peet Vermeulen | 350 | 100 |
| **03 Julie Doop** | Klassiek | **08:30** | Rassie Smit | 350 | 100 |
| **10 Julie Doop** | Kontemporêr | **08:30** | Paul Kruger | 350 | 100 |
| **17 Julie** | Kontemporêr | **08:30** | Jacques Tredoux | 350 | 100 |
| **24 Julie** | Kontemporêr Klassiek | **08:30 10:00** | Peet Vermeulen | 350 | 100 |
| **31 Julie Nagmaal** **Bring eie brood/wyn of maak gebruik van wat voorsien word** | Kontemporêr Klassiek | **08:30 10:00** | Rassie Smit | 350 | 100 |

**VERSLAPPING VAN COVID REGULASIES**

Toegang by alle deure. Lidmate kan nou enige plek sit.

Getalle nog beperk tot 350 in kerk en 100 in saal.

**Dra van maskers en sanitering by deure bly verpligtend**

## 08:30 Erediens

**"Facebook"**

https://www.facebook.com/gkwapadrant/videos/?ref=page_internal

**"YouTube"** https://www.youtube.com/channel/UCb3hrnMcAH83-6mloVeZC2g

## NEEM KENNIS ASSEBLIEF

- **Seniorbediening** verkoop elke Sondag roomys – ondersteun hul asb.
- **Bybelstudie vir senior lidmate** vind Dinsdae om 09:00 in die konsistorie plaas.
- **Bybelstudie vir manne:** Afgesluit vir kwartaal. **Vanaf 3de kwartaal (25 Julie) vind dit Maandagaande om 19:00 by kerk plaas.**

- **Jeugkleingroepe (Gr 1 – 12) en kleuterkerk (3-6 jariges)** vind gedurende skoolkwartale plaas om 09:30 in hul onderskeie klasse.**Kwartaal 3 hervat 24 Julie 2022.**

- **Junie 2022 se Maand-Krant** is beskikbaar by http://www.wapadrant.co.za/neem-kennis.html
- **Vorster Fourie** word Sondag bevestig as diaken.

## SENIOR SOP, BROOD EN SJERRIE – DINSDAG 21 JUNIE 10:00 VIR 10:30

Die Senior Bybelstudiegroep nooi alle 70 + lidmate uit na Dinsdag 21 Junie se sop, brood en sjerrie geleentheid in die saal. Koste R30 per persoon.
Trevor Nasser verskaf die musiek.

**Bevestig asb jou teenwoordigheid nie later as Maandag 20 Junie om 12:00 by die kerkkantoor 012 991 1395 / kantoor@gkwapadrant.co.za of Sonia Röhrs 082 807 1698**

## LIEF EN LEED

**Ons doen voorbidding vir:**
- Pieter en Bernadette de Wet. Pieter se pa is oorlede.
- Anna Snyman wat Vrydag 'n heupvervanging ondergaan.
- Ben Buys wat na 'n val sy heup gebreek het en tans in Muelmed hospitaal is.
- Martin Knox wat 'n skoueroperasie ondergaan het.
- Almal wie se gesondheid nie na wense is nie.

**Baie geluk aan:**
- Marianne Le Roux wat Saterdag in die huwelik tree met Carel Viljoen.

## BELYDENISAANSOEKE

Jongmense wat op **16 Oktober 2022** belydenis van hul geloof wil aflê, kan 'n skriftelike aansoek stuur na admin@gkwapadrant.co.za. Jou skrywe/epos moet teen **22 Julie** gestuur/ingehandig word.

Belydenisgesprekke (saam met ouers) vind op 28 Julie plaas.

Belydenistoewyding vind Sondae van 17:30 – 18:30 plaas> Dit begin reeds op 31 Julie en strek tot 25 September.

## KOMBIBESTUURDERS VIR SONDAE

Soos in die verlede, wil die inwoners van Paul Jungnickel-tehuis graag weer die 08:30 erediens bywoon.
Ons benodig vrywilligers om Sondagoggende (met die kerk se kombi) hierdie lidmate te gaan haal en dan weer terug te neem. Hoe meer bestuurders daar is, hoe minder beurte kry elkeen. Kontak Ilda by 012 991 5623 / admin@gkwapadrant.co.za indien jy hiermee behulpsaam kan wees.

## HERWINNING (links van rondawel by ingang)

Ons doen die volgende herwinning: Papier, platgevoude kartonne en glas. Plastiekdoppies en leë "cartridges" kan by die kerkkantoor se deur geplaas word.

## STADBOUER OPLEIDING

## WOEKER MET TALENTE-PROJEK

Die Woeker met talente-projek het op 16 Junie tot 'n einde gekom. Hoe het jy jou R100 vermeerder? Skenk jou wins (of 'n gedeelte daarvan) aan die gemeente, Geref Kerk Wapadrant, ABSA tjek 3490151957, verwysing JEUG of plaas gemerkte koevert in liefdegawesakkie.

## SOP-PROJEK VIR KAMEELDRIF

## MISSIO DEI UITREIK-PROJEK